**11 Julie**
**Skrifgedeelte: Lukas 17:1-10**
**Fokusgedeelte: Lukas 17:5,6**

## Meer geloof of dieper geloof?

"Gee ons meer geloof." Dit was die versugting van die dissipels by die aanhoor van die eise van die geloof.

Die eerste eis wat die Here Jesus stel, is: Moet nie vir ander mense en in besonder vir kinders 'n struikelblok wees nie. Struikelblok beteken, letterlik uit die Grieks vertaal, 'n skandaal (*skandalon*) wat ander mense kan laat struikel. Jy mag dus nie vir ander 'n oorsaak wees om te sondig nie.

Die tweede eis is nog moeiliker om na te kom. As iemand dalk vir jou 'n *skandalon* was en hy kry berou, mag jy hom nie vergifnis weier nie. As hy sewe keer *skandalon* op 'n dag oor jou bring en sewe keer op 'n dag vergifnis vra, moet jy hom sewe keer vergewe, eis die Here. Die grond van hierdie eis is natuurlik God se vergifnis in Jesus Christus. As God ons vergewe het, moet ons mekaar vergewe, eis Jesus in die gelykenis van die onbarmhartige skuldeiser.

Vir híérdie eise vra die dissipels meer geloof. Nie meer geloof is nodig nie, maar geloof soos 'n mosterdsaad wat 'n boom kan ontwortel en in die see verplant, sê die Here. Dit is nie *meer* geloof nie, maar *dieper* geloof. Dit is nie geloof soos die slaaf wat maar net moes doen wat hy verplig was nie, maar geloof met ware oortuiging en kinderlike vertroue. Sondag 7 (HK) sê dat 'n ware geloof uit kennis en vertroue bestaan: kennis van God se genade en almag en ons verlossing en 'n vaste vertroue wat die Heilige Gees in ons hart werk sodat ons dit *inderdaad* glo.

Laat ons God bid om 'n dieper geloof.

*Sing: Skrifberyming 43:4,5 Ds L vd M Vogel (Walvisbaai)*